

BETEKENIS VAN DIE GEBIEDSNAAM: OOSTERLIJN




Foto: Kurt Cotoaga via Unsplash



Die
Voortrekkers

1. Betekenis

Gebied Oosterlijn se naam verwys na die spoorlyn wat Gauteng en Mpumalanga verbind, en wat in 1894 in opdrag van Pres Paul Kruger deur die NZASM voltooi is met die hoofdoel om onafhanklikheid van die Boererepublieke van Britse vervoer en handelsroetes te bewerkstellig. Die spoorlyn het vanaf Pretoria tot in Komatipoort gestrek, en is vandaar na Delagoabaai (Maputo) se hawe aangelê.

Die spoorlyn was die verbindingslyn tussen die hoofsentra en die verafgeleë oostelike gebiede van die republiek, wat voorheen 'n ongerepte en ontontwikkelde gebied was. Die naam simboliseer die hegte band van broederskap en samewerking tussen Gauteng en Mpumalanga asook dele van die Limpopo provinsies.

2. Geskiedkundige agtergrond


Ná die ontdekking van goud en diamante, het die Boererepublieke welvarend geword, en het veral Britse belangstelling gelok, welke Britte die grondgebied wou beset. Die eerste Vryheidsoorlog van 1881 het die noodsaak beklemtoon om 'n betroubare handelsroete na 'n hawe te skep wat nie deur Britse grondgebied gaan nie, en daar is besluit

om 'n spoorlyn van die Rand na Delagoabaai (nou Maputo) te bou.

Op daardie stadium was transportryers wat met waens deur die gevaarlike malaria-geteisterde wildernis oostelike laeveld moes ry, die enigste vorm van vervoer na die ooste.



Kaart: Htonl, OpenStreetMap via Wikimedia Commons



Edmund Caldwell (1852-1930),
Openbare domein, via *Wikimedia Commons*

(Die boek *Jock of the Bushveld*, en die flik daaroor, illustreer die uitdagings van daardie jare se transportryery deur die laeveld).

Die kontrak om die spoorlyn te bou is gegee aan die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatskappij (NZASM), wat dit op 2 November 1894 voltooi en geopen het. Die Oosterlijn is van albei kante af gebou, en in die laeveld moes die bergagtige uitdagings oorkom word met verskeie brûe (waarvan die groot rooi spoorwegbrug wat vandag nog oor die Komatirivier troon, die grootste projek was), 'n tunnel by Waterval-Boven, en steil opdraandes wat omlyn moes word.

Tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902, en veral tydens die guerilla-fase, het die Boeremagte brûe opgeblaas om te keer dat die Britte voorraad en soldate met die spoorlyn inbring, maar die spore is ná die oorlog herstel, en die Oosterlijn het die amptelike haweroete van die goudrand geword, wat die ekonomie en ontwikkeling van die hele oostelike gebied van die ou Transvaal gestu het. Dit het landbou- en mynbouontwikkeling asook toerisme (veral weens die stigting van die Kruger Wildtuin) in Oos-Transvaal gefasiliteer, en dit het die ekonomie van die provinsie gestimuleer, sodat die Oos-Transvaal een van die digst bevolkte gebiede in Suid Afrika geword het.

Gebied Oosterlijn vier sy naam, wat strek oor dieselfde gebied as wat die Oosterlijn bedien het, en daarom die samewerking tussen wes en oos (wat tans oor twee provinsies strek), en die eenheid van ons gebied, gebind deur 'n spoorweg-ruggraat, te beklemtoon.

Ons het nie meer die spoorlyn nodig om verbind te wees nie, maar die spoorlyn het die ontwikkeling van alle dele van ons gebied moontlik gemaak, en ons gedenk dit met trots.

2020-08-01

Gebied Oosterlijn

Transvaal Voortrekkers

Die Voortrekkers – HOU KOERS!

